

**Maandag 4 Mei**

**Skrifgedeelte: Markus 14:1-2, 10-11, 17-21**

**Fokusgedeelte: Markus 14:2**

### **Skeefloop is regloop**

**D**ie mens wik, maar God beskik. Soms is hierdie waarheid vir ons 'n groot frustrasie. Jy maak planne, jy werk hard, maar in plaas daarvan dat dinge regloop, voel dit vir jou asof dit net al hoe meer skeefloop.

Jesus se kruisiging en opstanding móés tydens die Paasfees en die fees van die ongesuurde brood gebeur. Dit was nie toeval nie. Dit is twee patrone van dieselfde saak wat presies oor mekaar gepas het. Die evangeliepatroon herhaal: 'n God wat 'n Lam voorsien om sy mense te bewaar van sy straf en te bevry uit 'n situasie waaruit hulle nie self kon kom nie. Die kruisgebeure is Paasgebeure. Die priesterhoofde en skrifgeleerdes wou hierdie sameloop van gebeure keer vir hulle eie rede: om opstand te verhoed. Dit sou hierdie evangelievervulling kon omkrap.

*Maar God laat hulle skewe planne skeefloop sodat sy raadsplan regloop.* Hoe? Onverwags vir hulle kom 'n geleentheid toe Judas Iskariot hulle nader. 'n Agterdeur in. Verraad deur sy eie. Dit draai dinge egter weer terug sodat Jesus wel presies oor die feestyd die ware Lam van verlossing kon wees. Judas steek sy hand in die skottel en Jesus stuur hom weg om sy konkelwerk vinnig te gaan uitvoer (Joh. 13:27). Jesus dikteer uiteindelik self die verloop, ongeag mense.

God se insig is ondeurgrondelik (Jes. 40:28). Sy weë onnaspeurlik (Rom. 11:33). Die mens wik, maar God beskik. Soms 'n pynlike frustrasie, maar uiteindelik baie eerder 'n troos. Dit het die werk van Christus vir my en jou oopgesluit. En dit sluit steeds sy raadplan in ons lewens oop. In my dood en swakheid vind ek weer sy lewe en krag. Ons grootste skat. Mag ons daarom in verwondering volg in vertrouwe op sy alwysheid.

*Sing: Psalm 34-1:1*

*Dr. G van Wyk (Griffel) (Rustenburg)*